

SONDAG: 3

VRAAG EN ANTWOORD: 7

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?			
Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys.	1	Genesis 3; Romeine 5:12	Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het
		Romeine 5:18-19	Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.
			Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.
Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.	2	Genesis 5:3	Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem.
		Psalms 51:7	Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.
			Toe Adam honderd en dertig was, het hy die vader geword van 'n seun, sy beeld, een soos hyself. Adam het hom Set genoem.
			Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaa toe my moeder swanger geword het.